

## 28 Junie      Jeremia 2

(Teks: 2:10 -13)

### ***Lewende water of 'n gebarste klipbak***

Jeremia vergelyk die Here, die enigste ware God, met 'n standhoudende fontein *waar altyd skoon en vars water* uitborrel.

Daarteenoor vergelyk hy die *afgode* met gebarste klipbakke wat geen water kan hou nie. By die fontein met sy standhoudende bron is jy verseker van water, maar nou het die volk hierdie bron van *lewende water* verlaat en hulle het vir hulle bakke uit klip gekap.

Dit is tog *net 'n dwaas wat die enigste ware God* verruil vir nikswerd afgode. *Maar wat van ons?* Doen ons nie maar dieselfde nie? Ons eerste reaksie is: Nooit! Ek sal mos nooit die enigste ware God vir 'n afgod verruil nie! Sal u nie? Wat van die volgende afgode van ons tyd:

*Demokrasie:*    Luister na die meerderheid en vergeet wat die Bybel sê.

*Die geldgod:*    Dit is ek wat vir jou sorg, nie God nie.

*My eie voordeel:*    Ek weet vandag beter as Paulus 2000 jaar gelede en hoef nie die Woord te gehoorsaam nie.

Die punt is: Sodra 'n mens jou vertrou op iets of op iemand vestig en nie op God self nie, *dan is jy besig om 'n afgod te dien*. En dit lei tot baie smart en verdriet.

Ons het *alle rede om nie van God af weg te draai nie*. Hy het sy eie Seun oorgegee om te sterf sodat ons kan lewe. Hy woon en werk deur sy Heilige Gees in ons. *Hy sorg elke dag vir ons. Hy weer alle kwaad van ons af of Hy laat dit tot ons beswil dien*. Hy skenk aan ons die ewige lewe, al verdien ons die dood oor ons sondes.

Sing Skrifberyming 14:1

Ds. H.P.M. van Rhyn (Witpoortjie)